

In ons kerkwees: Wees een van hart en een van sin!

Ewe skielik is daar so te sê burgeroorlog in die beloofde land! Die Gadiete, Rubeniete en Manassiete gaan bou toe mos vir hulle 'n altaar op die westekant van die Jordaan voordat hulle deurtrek na hulle gebied aan die oostekant. Dit het gebeur toe die manskappe huiswaarts keer nadat hulle hulle belofte aan die ander stamme nagekom het. Die onthutsing oos van die Jordaan was groot. Oorlogspraatjies word gehoor. Beskuldigings van ontrou gaan rond. Die Oos-Jordaniërs sou dan in opstand gekom het teen die HERE God! Deputaatskappe word gestuur, want dit skyn 'n eiesinnige wegbrekery te wees.

Nee, sê die Oos-Jordaniërs! Ons is nie wegbrekers nie. Ons is nie opstandig om die HERE op ons manier te wil dien nie. Daardie altaar is 'n getuie tussen ons en julle – ons wil juis daarmee ons eensgesindheid met julle in die godsdienst betoon! Toe is daar vrede: Die HERE is God!

Die groot brandofferaltaar by die tabernakel van daardie tyd het gesprek van godsdienst, van erediens. Die HERE is daar deur die volk gedien, een van hart en een van sin. Die altaar het die eensgesindheid in die praktyk van kerkwees gesimboliseer.

Eerstens openbaar God se Woord hier aan ons hoe belangrik dit is dat daar gedurende koninkrykstyd eenheid en eensgesindheid gevind moet word in die praktyk van ons kerkwees, want die HERE is God! Hy is die God van orde wat Self in sy Woord bepaal hoe Hy gedien wil word. Bowendien is dit 'n oortreding van die tweede gebod om Hom op 'n eiesinnige manier te wil dien (HK So. 35:96).

Tweedens leer dié Woord ons dat as daar 'n meningsverskil ontstaan tussen gemeentes of individuele lidmate wat aangevuur word deur liefde vir die HERE se diens, daar doelbewus gewerk móét word om een van hart en een van sin te wees – God se eer kom eerste!

Die geloofsgeheim is Jesus Christus, Hoof van die kerk. Sy wil en liefde moet in die kerk gesien word (Rom 15:5, 6).

Bid dat die Heilige Gees ons een van hart en een van sin mag maak!

Sing: Psalm 119:29, 33

Ds. RL Vorster (Emeritus)